

23 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 64 en 65

Fokusgedeelte: Psalm 65

Die hele skepping sal juig

In hierdie psalm is dit nie net die mense wat juig (vers 9) nie, maar ook die bulte en die vlaktes wat juig en sing (vers 13 en 14). Die psalmdigter sien 'n jubelende skepping nadat die Here reën gegee het.

Maar die lof en danksegging begin by die vergewing van sondes (vers 4). Alleen omdat die Here ons sondes vergewe, kan die verhouding met God herstel word en kan mense naderkom om God te ontmoet. Dáár begin die lof oor al die Here se weldade. Dáár begin 'n lewensinstelling van dankbaarheid, ook dankbaarheid vir God se sorg in die skepping. Ons sien flitse van 'n juigende skepping, byvoorbeeld wanneer dit gereën het of wanneer nuwe lewe in die natuur ontwaak in die lente. Maar daar gaan nie 'n juigtoon deur die hele skepping nie. Vanweë die sonde van die mense sug die skepping en sien dit met reikhalsende verlange uit na sy vrymaking saam met die kinders van God (Rom 8).

Die flitse van 'n juigende skepping roep as 't ware na die toekoms. Eendag sal die ganse skepping sing "met krag van jubeltoon"! Omdat die Lam wat geslag is, wat vir ons sondevergifnis bewerk het, waardig is om die verseëlde boekrol te neem en oop te maak (Op 5). Dan sal nie net die kinders van God tot sy eer sing nie, maar die hele skepping!

Sing: Skrifberyming 8:4,5

Dr F van der Walt (Bellville-Oos)